DIE MOS inisiatief

# INSTAAN VAKATURE

## AFRIKAANS HUISTAAL (VOO-FASE)

MOS-Wêreldwyd aanlyn tuisskool is op soek na 'n instaan (tydelike) aanlyn vakkundige. Indien jy aan die vereistes van die pos voldoen sal ons graag jou aansoek oorweeg.

**POSBESKRYWING**:

- Daaglikse terugvoer aan leerders op 'n aanlyn platform, soortgelyk aan die merk van opdragte.
- Die leerders het reeds die nodige studiemateriaal om hulle in staat te stel om die opdragte te voltooi, maar die rol van die vakkundige is om op 'n individuele basis terugvoer aan leerders te gee nadat hulle opdragte nagegaan is om seker te maak dat hulle die nodige kennis en vaardighede van die leereenheid opgebou het.
- Terugvoer geskied daagliks met 'n belofte aan leerders van maksimum 48 uur tussen indiening van opdragte en terugvoer daarop.
- Elke vakkundige is verantwoordelik vir 'n spesifieke aantal leerders se terugvoer in die spesifieke vak.
- Die rol is uitkomsgebaseerd en word vergoed op die basis van aantal leerders waarvoor die vakkundige vir die tydperk verantwoordelik is (nie op 'n uurlikse basis nie).
- Deeltydse aanstelling.
- Fleksie-ure (die vakkundige is verantwoordelik vir die uitkoms en kan sy/haar eie ure bepaal vir die terugvoer aan leerders. Daar is wél van tyd-tot-tyd geskeduleerde vergaderings tydens werksure.)
- Slegs vir kort periodes (tydens siek-of kraamverlof van permanente personeel).
- Geskied gewoonlik op kort kennisgewing.
- Aanlyn (die vakkundige moet met die Google-platform en 'n aanlyn werksomgewing vertroud wees.)

**MINIMUM VEREISTES**

- B.Ed of 'n toepaslike graad met NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat) met Afrikaans III as hoofvak.
- SARO-registrasie.
- IEB-ervaring: minstens drie jaar ondervinding in die onderrig van Afrikaans Huistaal volgens die IEB-kurrikulum.
- Nasien van IEB-senior sertifikaateksamen 'n aanbeveling.
- Graad 10- tot 12-ondervinding: ervaring in die onderrig van hoërskoolleerders, met spesifieke fokus op graad 10 tot 12.
- Assessering en eksamenvoorbereiding: ervaring in die opstel, moderering en assessering van IEB-eksamens en -take.

**SLUITINGSDATUM**: 27 FEBRUARIE 2026
**AANVANGSDATUM**: 1 APRIL 2026

## AANSOEKE

- Aansoeke aan: **info@diemos.co.za**
- E-posonderwerplyn: **MOS-BS-AFR**
- Heg volledige **Curriculum Vitae** en **SARO-sertifikaa**t aan.